CARNEGIE-BIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
15 NOV 1978
CARNEGIE LIBRARY
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXII Nr 15 PRYS 10c

VRYDAG 3 NOVEMBER 1978

## Debs.



*'n Paar van die sowat 300 debutantes wat hulle reeds ingeskryf het om geld in te samel vir USKOR. Hulle mikpunt vir volgende jaar is R68 000. Daar wag ook 'n retoerkaartjie na Europa vir die debutante wat die meeste geld ingesamel het. Indien nog dames belangstel om te sien hoe lyk dit in Europa, kan hulle hul nog steeds inskryf as debutantes by die Karnavalkantoor in die L.S.S.*

# AFRIKANER TOON REGTE NEIGING

IN 'n referaat wat seker as die hoogtepunt van die afgelope US-Gesprek simposium beskou kan word, het dr. Herman Giliomee van die Departement Geskiedenis die begrip *Afrikanerskap* omskryf. Interessante gegewens waaruit dit blyk dat die Afrikaner 'n duidelike neiging wég van diskriminasie toon, het aan die lig gekom.

Volgens dr. Giliomee sou daar drie groepe in die land wees wat hul eie siening van Afrikanerskap as die enigste beskou.

Die eerste groep sien die Afrikaner as 'n deur-God-uitgesoekte volk met 'n trotse kulturele erfenis en eenvoudige konserwatiewe waardes. Volgens dié groep sou die enigste weg tot behoud van Afrikaner-identiteit politieke oorheersing deur die Afrikaner self wees. Selfs Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners wat nie aanhangers van hierdie ideologie is nie, word nie as "Afrikaners" beskou nie. Dat die Afrikaner sy identiteit slegs deur politieke oorheersing kan behou, is vandag nie meer so 'n gewilde denkrigting onder Suid-Afrikaners nie en hierdie siening word nog net deur 'n minderheidsgroep voorgestaan.

Ook die tweede groep "Afrikaners" beskou leiersposisies op die politieke terrein as primêr vir die behoud van sy identiteit. Hierdie groep beskou alle blankes van Suid-Afrika as Afrikaners en sien die belange en waardes van die Afrikaner as hoogte prioriteit. Hierdie groep, onder wie dr. Connie Mulder, Transvaalse leier van die Nasionale Party tel, is van mening dat die Afrikaner in Suid-Afrika slegs kan voortbestaan deur sy *blanke* identiteit te behou. Die Afrikaanssprekende bruinman word nog steeds na verwys as bruin Afrikaner en is dus nie deel van die "volk" nie.

### GROOTSTE AANHANG

**Die Afrikanerbegrip wat seker die grootste aanhang in die land geniet, is die derde wat dr. Giliomee beskryf het. Dit is die mense wat in die eerste plek 'n behoudende gevoel teenoor die Afrikaanse taal en kultuur koester. Hierdie groep sien nie 'n wit vel of sekere geestelike waardes as voorwaarde om as Afrikaner geklassifiseer te word nie. Hulle sien die Afrikanervolk as 'n groep (met reg tot beskerming van sy taal en 'n aandeel in politieke gesag) binne-in 'n Suid-Afrikaanse nasie wat die bruin en swart bevolking insluit.**

Hierna het dr. Giliomee met interessante gegewens oor meningsopnames die veranderende houding van die Afrikaner ten opsigte van rasseverhoudinge geskets. Die meningsopnames toon 'n duidelike neiging onder Afrikaners wég van diskriminasie. Hierdie neiging berus egter by die idee dat elke etniese groep sy besondere plek in 'n land wat ons eie is, moet vul.

### TÖTEMEYER

Vroeër die middag het dr. G. Tötemeyer, dosent aan die Departement Staatsleer, 'n politieke perspektief van die toekoms van die Derde Wêreld en sy rol op die internasionale toneel geskets.

### MEER SELFVERTROUE

Na sy mening sal die huidige jeug in die Derde Wêreld teen die einde van die eeu leiding met meer selfvertroue hanteer. Die huidige neutrale houding sal afgeskud word en nuwe volwassenheid in optrede sal bespeur word.

Volgens dr. Tötemeyer moet ons nog heelwat onstabiliteite vanaf die Derde Wêreld te wagte wees aangesien "dit nog op soek is na sy eie identiteit en rol in internasionale politiek!"

# Ondersoek nodig na SR-partytjies

UITGAWES tydens 'n onlangse 'afskeidsfunksie' vir 'n deel van die voormalige SR, werp 'n ernstige refleksie op die besteding van studentefondse. Die rekening vir hierdie privaatpartytjie in 'n Kaapse vyfsterhotel het die aardige bedrag van R323 beloop. Dit sal uit die SR-begroting betaal moet word wat vir ongeveer 95% deur 'n oorbetaling van studentegeld deur die administrasie gedek word.

Ten spyte van 'n begroting van R63 268 vir die termyn 78-79, is SR-bestedings aan min kontrole onderwerpe buite die Raad self. 'n Begroting met globale bedrae vir sowat 15 items word wel opgestel. Hieronder ressorteer publikasies, karnaval, intervarsity, reiskoste, kombis, US-Gesprek, verenigings en ook onthale. Geen gedetailleerde opgaaf van voorgestelde uitgawes binne elke item word egter gemaak nie en die globale somme word uitsluitlik begroot aan die hand van ondervinding uit die verlede. Die tesourier van die Raad kan ook oorplasings tussen verskillende items maak.

'n Bedrag van R2 050 verskyn in die 78-79-begroting vir onthale. Buiten selfonthaal, word hierdie ook aangewend vir verversings tydens SR-vergaderings en vir die onthaal van gaste van die Raad, soos besoekende studenteleiers en sprekers. 'n Ondersoek hierdie week deur *Die Matie* het egter getoon dat hierdie bedrag ruimlik vir selfonthaal aangewend is in die verlede. Die name van bekende restaurante is prominent in die rekeningstaat. Daarby onthaal die uittredende Raad homself jaarliks op 'n sogenaamde 'afskeidsfunksie' wat, volgens tradisie, die afgelope klompie jare in spoghotelle in Kaapstad gehou is.

### R46,15 PER PAAR


**Die onlangse episode waartydens ses SR-lede, elk met 'n metgesel, en twee genooide gaste by 'n vyfsterhotel in Kaapstad partytjie gehou het, illustreer hierdie tipe van spandabelheid. Volgens die rekening is hier geëet en -drink teen 'n gemiddelde koste van R46,15 per paar. Belaglike uitgawes soos 'n fooitjie van R10,00, sigare vir R6,80 en 'n totale uitgawe aan drank van R121,75 pryk op die rekening. Drie-en-twintig porsies nagereg is verder tussen 14 persone bestel. Die feit dat slegs ses van die dertien SR-lede teenwoordig was, verhoog geensins die geloofwaardigheid van die geleentheid nie. Dit is bygewoon deur mnre. Hannes Koegelenberg, Leon Oosthuizen, Eitel Kruger, Fanie Bergh, Altus Coetzee en mej. Christa Benade.**

In 1977 het die rekening vir 'n soortgelyke partytjie by dieselfde hotel R346,30 beloop en is daar gemiddeld R34,60 per paar uitgegee. Bedenkinge is toe al reeds uitgespreek oor die sin van hierdie geleentheid.

### UITSPATTIGE BESTEDING


Die studente-unie kan nie verlief neem met uitspattige besteding van hierdie aard nie. Verlede jaar het slegs agt van die 28 erkende studenteverenigings toekennings groter as R323 van die SR ontvang. Dit is duidelik dat sulke wanpraktyke in die toekoms nie deur die studente-unie geduld sal word nie. Die aanstelling van 'n onafhanklike beheerkomitee vanuit die studente-unie moet oorweeg word. Die SR-voorsitter, mnr. Jan de Wet, het hom bereid verklaar tot die neerlegging van beter riglyne vir SR-besteding, veral ten opsigte van selfonthale.

## Moeilike tye!



*Tekenend van die "moeilike tye" wat deesdae op Matieland heers. Vir oulaas probeer elke Matie sy bestaansreg op Stellenbosch verseker.*

FOTO STUDIO
LOCKLEY



Cor Langenberg.
DIE FOTOGRAAF VIR DIE STUDENT
Vir u groepfotos, portret paspoorte,
huweliksfotos en gradeplegtigheidsfoto's.
KOM NA ONS VIR PERSOONLIKE DIENS
TEL. 3131 PLEINSTRAAT

**Die Matie**
Vrydag, 3 November, 1978

# Die perd is reeds by die water!

IN aansluiting by die kritiek en beskuldigings wat in die vorige hoofartikel voor die deur van die Stellenbosse student en ook die Afrikaner gelê is, wil ons praktiese voorstelle, om ons te verlos van politieke apatie en los te skeur van ons sieklike selfvoldaanheid, aan die hand doen.

'n Skerp hoofartikel, felle kritiek, 'n wekroep tot selfondersoek is van weinig waarde indien daar nie ook praktiese voorstelle gemaak word nie. "Teoretiese alternatiewe op papier" word genoeg gedoen en is opsigself nog geen oplossing nie.

Die enigste manier om jouself te ondersoek en dit nie eensydig of bevooroordeeld te doen nie, is om jou te vergewis van die werklikheid en dan jouself daaraan te meet. Op Stellenbosch is daar gulde geleentheid om die nodige kennis en feite op te doen om élkeen aan die dink te sit. Hier vind genoeg simposiums en besprekings plaas om almal aktueel en polities ingelig te hou.

Word hierdie geleenthede egter voldoende benut? Slegs 'n klein groepie (altyd dieselfde klompie) woon gereeld die besprekings van US-Gesprek by. Die onlangse US-Gesprek-simposium, *"Op pad na die jaar 2000 – Die krisis en die uitdaging"*, kon slegs 0,4% van die studente lok!

Die enigste praktiese plan om die gemiddelde student polities ingelig te kry, is om die koshuise te probeer betrek by sulke besprekingskringe.

Die US-Gesprekskomitee het so pas 'n addisionele ad hoc-komitee saamgestel wat deur middel van beter reklame, uitbreiding van bestaande aktiwiteite én koördinering, groter deelname van die individu op koshuisvlak gaan probeer verkry. 'n Onlangse opname het getoon dat slegs vyf manskoshuise en vier dameskoshuise wel besprekingskringe het. Twee manskoshuise en nege dameskoshuise het geen besprekingskringe nie. *Elf koshuise het egter nie eens op navraag gereageer nie!*

Ons as studente kan nie die land regeer nie. Ons kan wel nou al 'n positiewe bydrae lewer deur aktiewe deelname om sodoende beter begrip vir ons land se probleme te kry. US-Gesprek, SAAK en ander besprekingskringe en verenigings behoort as effektiewe stimulus te dien om studente aan die dink te sit.

Onthou, die verantwoordelikheid lê nie by ander die – dit lê by elkeen se persoonlike, toegeeflike gesindheid teenoor mekaar sowel as teenoor ander bevolkingsgroepe. Alleenlik as ons in ons harte verander, sal ons Christenskap meer regverdiging vind voor ander nasies – asook voor God.

'n Mens kan 'n perd tot by die water bring, maar *maak drink*, dié kan jy hom nie.

Ons is reeds by die water!

## REDAKSIE 1978

HOOFREDAKTEUR: LOUIS HEYNEMAN, Redaksiekantore: Langenhoven-sentrum 436 en 438. (Tel. 5979 of Helshoogte A507 (Tel. 4031). Boodskappe: Sekretaresse, Studenteraadskantoor, LSS (Tel. 3702).
ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR: KOBUS PIENAAR, Eendrag. (Tel. 2101)
AKTUELE REDAKTEUR: JOHN VAN BREDA, Louwstraat 3
NUUSREDAKTEUR: JOHAN LÖTTER, Eendrag. (2137)
INTERUNIVERSITÊRE REDAKTEUR: MAARTEN MITTNER, Eendrag. (2136)
SPORTREDAKTEUR: KWARTUS SIEBERHAGEN, Dagbreek
SOSIALE REDAKTEUR: DEON VAN NIEKERK, Dagbreek
KUNSREDAKTEUR: ABEL PIENAAR, Paul Krugerstraat 2
TAALREDAKTEUR: ANDRIES CALITZ, Die Laan 18
HOOFFOTOGRAAF: JAN RICHTER, Huis van Zyl (4184)
SUB-REDAKTEURS, NUUS: ERIKA VAN ROOYEN, Hoflaan 14 en COENRAAD PIETERSE, Eendrag
SUB-REDAKTEUR, INTERUNIVERSITÊR: GERHARD BARNARD, Majuba.
SUB-REDAKTEUR, SPORT: SAMPIE HENDRICKS, Dagbreek
SUB-REDAKTEUR, KUNS: PAUL CILLIERS, Dagbreek
NUUSVERSLAGGEWERS: Francois van der Merwe, Ilse de Villiers, Anton Kruger, Henk Rauch, Johan Müller, Nelis van Rensburg, Pieter van Niekerk, Bennie Zietsman, Agnes Hager.
INTERUNIVERSITÊRE VERSLAGGEWERS: Johan Swarts, Anton Bruwer, Koos Sieberhagen, Winifred Botha, A.D. van Niekerk
SPORTVERSLAGGEWERS: Kobus Basson, Ian Theron, J.W. Loubser, J.P. Marais, Anne-Lise Lamont, Francois Malan, A. Graaff, Nico Roux, Barend Vos.
SOSIALE VERSLAGGEWERS: M. Streicher, Elbert Uys, Launa Marais, I. Naudé, Jeanne Jordaan, Deon Roussouw
KUNSVERSLAGGEWERS: Maria Rautenbach, Morlette Lindsay, Japie Pienaar, Rachelle Greeff, Linda Jacobs, Willem Möller
FOTOGRAWE: Piet Borman, M. Greef
SPOTPRENTTEKENAARS: Thomas Tyler, Koos van der Riet
VERSPREIDERS: Wynand Fourie, Nico Steyn, C.L. van Schalkwyk

# uit die studenteraad

**JOHN VAN BREDA BERIG:**

DIE laaste SR-vergadering is op die 25ste Oktober gehou en kenmerkend was die vele mosies rakende politieke aangeleenthede. Alhoewel die SR 'n duidelike formulering oor sy eie rol en funksies tot volgende jaar uitgestel het, kan 'n mens uit die tipe mosies alreeds sien in watter rigting daar beweeg word.

Mnr. Piet Delport het 'n mosie ingedien waarin hy die *Rapport* versoek om nie onnodige beriggewing te plaas wat die "natuurlike" inskakelingsproses van die bruin student sal skaad nie. Ter motivering het hy gesê dat die *Rapport* oor 'n sekere aangeleentheid beriggewing gedoen het sonder om die feitlike situasie in ag te neem. Díe mosie is eenparig aangeneem.

Mnr. Piet Stofberg het voorts 'n mosie rakende die debakel rondom die Akkerjol-kompetisie ingedien. Die mosie lui dat die owerhede nooit gekant was teen die bruin student wat aan dié kompetisie deelgeneem het nie. Hy het gesê dat hy self by die rektor was en dat lg. hom persoonlik die versekering gegee het dat die owerhede geensins daarteen gekant was nie. Die stemming het soos volg verloop: 11 vir en 2 buite stemming.

Ook die ASB en NUSAS het onder bespreking gekom. Mnr. Renier Koegelenberg het 'n mosie ingedien waarin hy gevra het dat 'n komitee Stellenbosch se posisie t.o.v. die ASB en NUSAS sal ondersoek. Mnr. Nic Koornhof was teen dié mosie gekant omdat daar alreeds 'n soortgelyke ondersoek deur sy portefeulje gedoen word. Die mosie is nietemin met 'n meerderheid (11 vir en 2 buite) aanvaar.

Wat die rol en funksie van die SR betref, het mnr. Frans Roelofse 'n studiestuk voorgelê, maar die SR het gevoel dat dit beter sou wees om dit die vakansie deeglik te bestudeer en vroeg in volgende jaar tot 'n eksplisiete formulering t.o.v. hul eie rol en funksie sal kom.

# P.F.P. ; groter konflik

**PIET STOFBERG, Eendrag, skryf:**

DIE artikel in *Die Matie* van 20 Oktober onder die opskrif "Konflikpotensiaal groot binne Suid-Afrika" durf, vanweë die eensydig, negatiewe benadering van die skrywer, Chris Heymans, nie sonder kommentaar deurglip nie. Volgens die skrywer is daar net eenvoudig geen enkele aspek van die Suid-Afrikaanse bestel wat goed is nie!

Hy kla dat die Swartes gedurig aan die korste ent trek, gedurig ten swaarste teen hulle gediskrimineer word, dat hulle oor geen effektiewe vakbonde beskik nie en dat hulle oor die reg behoort te beskik om vrylik te mag staak. Die Suid-Afrikaanse stelsel moet volgens Mnr. Heymans "oopgemaak" word, die regering moet wegdoen met alle sosiale skeidingsmetodes waardeur die huidige vreedsame naasbestaan van die heterogene bevolkingsgroepe van S.A. bewerkstellig word, omdat hierdie middels as regerings-rassisme bestempel word. Maar hy gaan nog veel verder. Die hele Suid-Afrikaanse politieke stelsel word deur hom as 'n lewensgevaarlike konglomerasie voorgestel waarin Bruin- en Swartmense as die bitterlydendes en afgryslik uitgebuitenes voorgedoen word terwyl niks gedoen word om die politieke frustrasie te vermy nie.

Swarter kon S.A. en sy regering seer sekerlik nie geskilder word nie.

## P.F.P. BELEIDSRIGTING

Om op al hierdie talle aantygings behoorlik en volledig te antwoord, sou 'n reeks artikels verg. Die interessante egter is dat Mnr. Heymans se "ideale demokratiese stelsel" soos deur hom aan die hand gedoen, dieselfde hoofelemente bevat van die pas-aangekondigde nuwe beleidsrigting van die P.F.P. Trouens; daar is 'n woordelikse ooreenstemming, t.w. regering d.m.v. "konsensus", "magsdeling" en dan die nuwe towerformule ter beskerming van minderhede, nl. die "vetoreg". Hierdie ooreenstemming tussen Mnr. Heymans se ideale oplossing en dié van die P.F.P. lyk meer as net toevallig, om die minste daarvan te sê. Beide propageer 'n rigting waarvan die uitsluitlike doel en logiese gevolg die vernietiging van ordelike demokratiese ontwikkeling vir die verskillende groepe van S.A. is; en dit is terselfdertyd dieselfde einddoel wat deur georganiseerde binnelandse agitasie en toenemende druk van die internasionale gemeenskap nagestreef word ter verkryging van 'n veranderde politieke bestel volgens eie voorskrifte. Al hierdie instansies verlang 'n "oop" gemeenskap, al hierdie instansies soek na 'n stok om die Regering verdag te probeer maak. Dit is alles deel van die totale strategie teen S.A. wat nie net polities is soos in hierdie geval nie en op die oog af oënskynlik onskuldig mag voorkom nie, maar ook op 'n slinkse wyse nes 'n seekat ook ander arms het – ook militêr, ekonomies en sielkundig teen S.A. gemik is.

## VERDWYN REEDS

Geen mens in S.A. sal vandag gekant wees teen die verwydering van sodanige diskriminerende fasette waardeur enigsins wrywing veroorsaak word nie en wat reeds haas verdwyn. Geen mens in S.A. sal egter ook verandering nastreef wat juis die daarstelling van wrywing of konflik mag veroorsaak nie, in elk geval nie iemand met 'n realistiese begrip nie. Die hele S.A. soek na 'n ordelike bestel waarin reg sal geskied aan die politieke aspirasies van al die bevolkingsgroepe sonder dat minderhede vernietig word. Mnr. Heymans se resep kom inderdaad neer op gelykmaking van alle mense in S.A., terwyl sy venynige kritiek teen S.A. klaarblyklik aantoon dat hy in sy betoog nie genoegsame aandag verleen aan die ingewikkeldhede wat veroorsaak word deur die plurale samestalling nie – inderdaad meer pluraal as enige ander gemeenskap in die wêreld.

## SELFBESKIKKING

Nooit mag S.A. die basiese beginsel van selfbeskikking (soos ook vervat in die Handves van die V.V.O., maar nie deur hulle toegepas nie) verwaarloos nie. Dit is immers die enigste metode waarkragtens goeie buurskap, ordelike naasbestaan en die erkenning van die regte van alle bevolkingsgroepe in S.A. verseker kan word. Gedurig moet gewaak word dat die "oopmaak" van die gemeenskap nie lei tot 'n eenheid-. staat waarbinne die begrip "een man, een stem" noodwendig moet uitloop op 'n swart meerderheidsregering nie.

## "SAAMLEEFPATROON"

Ten slotte moet 'n regering te alle tye so optree dat met in agneming van die gekompliseerde plurale samestelling van sy bevolking, aan alle bevolkingsgroepe reg geskied, en wel op so 'n wyse dat nie alleen vrede en orde gehandhaaf word nie, maar dat almal respek teenoor mekaar onderling kan betoon en dat almal in die "saamleefpatroon" vorentoe, die belange van S.A. eerste sal stel. Daarom moet enige poging om die blankes se reg op voortbestaan aan te tas (en dieselfde geld vir enigeander volk) veroordeel word. Mnr. Heymans verwys wel na die noodsaaklikheid vir erkenning van groepsbelange, maar die grootste swakheid in sy hele argument is dat hy steeds in gebreke bly om 'n bevredigende oplossing te bring vir die kernprobleem, nl. hoe dieminderheidsgroepe teenoor die geweldige Swart meerderheid beskerm moet word. Die logiese gevolg van Mnr. Heymans se "ideale stelsel" is dat die Blankes sy mag moet afstaan en verruil vir 'n "vetoreg" wat nie gewaarborg kan word nie. Presies dieselfde geld vir die P.F.P. se nuut-aangekondigde konstitusionele beleidsrigtings. Beide rigtings, wat inderdaad een en dieselfde is, is verwerplik bloot omdat dit konflikpotensiaal nie kleiner sal maak nie, maar groter.

***CHRIS HEYMANS, Buitekring 17, antwoord:***

*DIT is 'n totale mistasting om die beginsel van konsosiasie per definisie nou skielik aan die PFP te koppel. Ek sou mnr. Stofberg graag na die werke van Arend Lijphart en Theodore Hahnf en Prof. Ben Vosloo wou verwys wat aanvoer dat hierdie tipe demokrasie die mees demokratiese resep vir 'n samelewing met diepverdeelde groepsbelange is, veral omdat dit effektief na die belange van alle groepe omsien; ook minderheidsgroepe.*

*Dat daar probleme opduik met konsepte binne die model, soos die vetostelsel, is waar, maar is u nou regtig so naïef om te dink dat elke liewe saak op die agenda van só 'n regering, geveto gaan word? U moet onthou dat so 'n stelsel volgens die gematigde denktradisie in Suid-Afrika, eers geïmpliteer sal word* nadat deeglike beraad daaroor *gevoer is.* Samewerking *sal dus die grondslag van só 'n regeringsvorm in Suid-Afrika vorm. Hierdie feit op sigself, is uiters belangrik om in gedagte te hou wanneer oor die werkbaarheid al dan nie van konsosiasie-demokrasie in Suid-Afrika gespekuleer word.*

## *ONBEGRYPLIK*

*Hoe u kan beweer dat 'n* samewerkingsmodel *kan lei na groter konflik, is vir my onbegryplik. Ek het juis in die artikel waarna u verwys het, die konflikpatrone in Suid-Afrika probeer analiseer en daarin met* feitelike *gegewens aangedui in watter mate die huidige skeidingsbeleid die konflikpotensiaal radikaal verhoog het. Met hierdie beleid het die Regering tot dusver 'n kunsmatige stabliteit in die hand gewerk wat die politieke vervreemding en ekonomiese eksploitasie van, en die sosiale diskriminasie teen die Swartmense veral, verhoed het om tot uitbarsting te kom. Hierdie verdrukking kan nie vir ewig voortduur nie.*

## *HAND VAN VRIENDSKAP*

*Meneer STOFBERG is blykbaar bereid om die risiko te neem om te hoop dat die uitbarsting nooit sal kom nie. In antwoord tot hierdie passiewe of andersins repressiewe benadering, is daar die benadering om 'n hand van vriendskap uit te steek om sodoende 'n proses te bewerkstellig wat nie tot die vervanging van wit dominasie met Swart dominasie sal lei nie, maar waarin die groepe in Suid-Afrika mekaar goedgunstiglik sal kan vind.*

# SELFONDERSOEK NODIG VIR KRISIS

## N.G. Kerk stel teleur

PETER VAN RYNEVELD skryf:

**DIE hoofartikel in die laaste uitgawe van *Die Matie* het ons uitgedaag om ons eie persoonlike oortuigings ten opsigte van ons politieke en godsdienstige idees, te ondersoek. In die besonder ons *houding* t.o.v. ander rassegroepe in Suid-Afrika.**

Dit is daarom ironies dat die leiers van die N.G. Kerk vyf dae later by die Algemene Sinode besluit het dat hulle nie eens bereid is om 'n kommissie aan te stel om die eenheidsband en noue skakeling tussen die vier N.G. Kerke te ondersoek nie. Dié besluit stel twee uiters belangrike uitdagings voor ons as Stellenbosse studente.

### "DIEP TELEURGESTELD"

- In die lig van die feit dat die Bruin, Swart en Indiër gemeenskappe "diep teleurgesteld" was oor dié besluit, (*Die Burger*, 26 Oktober) moet ons onsself afvra hoekom só 'n besluit dan geneem is? Ons is tog almal kinders van God en hoe meer mense bymekaar kan kom in Sy naam – hoe wonderliker.
- Tweedens, begin ons hier op Stellenbosch anders dink as al die ander Afrikaanse kampusse – neem bv. ons sg. "onpatriotiese" non-affiliasie by die ASB en die toelating van anderskleurige studente tot die Universiteit (al is dit net 'n klein groepie). Ook die afgelope Kruispad-situasie het baie van ons genoop tot selfondersoek van ons persoonlike oortuigings omtrent hierdie sensitiewe sake. Ons eie oortuigings en besluite speel 'n rol in die manier waarop ons aan 'n toekoms van vrede en stabiliteit in ons mooi land kan werk.

### TERUGSIT

Stellenbosch het in die verlede die leiers van Suid-Afrika geproduseer en dit sal nog steeds die geval wees, mits ons aan die voortou bly. Ons kan nie bekostig om terug te sit en toe te laat dat die geskiedenis bloot sy gang gaan sonder dat ons iets daaraan doen nie.

### MOENIE SWYG NIE!

**Die stem van die Stellenbosse studente moet gehoor word en ek daag dié wat lees, hoor en *dink* uit "to stand up and be counted". Indien jy saamstem, sê so. As jy nie saamstem nie, laat blyk dit ook. Maar moet om hemelsnaam nie swyg nie!**

Die uurglas het uitgeloop . . .

# nodig?




*"Dit word nou algemene gebruik op Stellenbosch – hierdie is die Boatrace-koördineringskomitee."*

**(Feite wat aan die lig gekom het oor 'n onlangse afskeidsfunksie van die vorige SR, plaas die voortbestaan van dié tipe funksies onder verdenking. Sien berig op bladsy 1.)**

# Eenbedryf deur USAT

USAT bied op 22 en 23 November om 20h15 'n eenbedryf in die Libertas-teater aan. Almal wat nog op Stellenbosch of in die omgewing is, is welkom om te kom kyk.

Tydens die 1978-Dramafees het Majuba hul opvoering van *Die Ballerina sonder Borste* onttrek. Hierdie eenbedryf is dr. Ben Dehaeck se verwerking van Eugéne Ionesco se toneelstuk *Die Kaalkop Prima Donne (La Cantatrice chauve).*

Louié Loots, bekend vir haar knap regie van Marlene van Niekerk se twee eenbedrywe wat tydens die Sharp-fees in Grahamstad opgevoer is, behartig die regie. Die spelers is almal studente.

Saam met die eenbedryf is daar 'n uitstalling in die voorportaal van 'n groep studente-kunstenaars soos Maryla Biolobrzesk, Nick Curwell, Braam Botha en Nic Vergunst.

USAT nooi almal hartlik uit om die jaar op 'n gesellige wyse saam met hulle af te sluit. Toegang vir studente is slegs 50 sent.



*Harmonie het onlangs sy 73ste bestaansjaar met 'n gekostumeerde tuinparty gevier. Die funksie is opgedra aan die uittredende prinsipale, mev. Klopper. Op die foto verskyn mev. Klopper saam met die primaria vir 1979, Helena Kitshoff.*

# STELLENBOSCH MOET SOEKE NA IDENTITEIT OORWIN

P.F. MARAIS, Majuba, skryf:

NADAT ek die inleidingsartikel "ons moet bakens nou versit" gelees het, staan ek nog steeds met my baken in die hand. Dit is inderdaad jammer dat belangrike sake wat in die artikel ter sprake kom, met 'n paar losse algemeenhede afgemaak word.

Stellenbosch roem op 'n "oop" gespreksituasie, 'n noemenswaardig gedagte wat nie deur *Die Matie* gehandhaaf word nie. Sy eensydige beklemde reaksie wissel van ASB-heraffiliasie tot by sekere "rype" oordenkinge wat gewoonlik enige gedagtes buite Stellenbosch as naïwiteit afskryf.

### GRAAD VAN DEELNAME

So terloops, dit gaan lank nie meer oor die kwessie van heraffiliasie nie, want ons is ge-affilieer deur die ASVS en ons het dus 'n aandeel in die doen en late van die ASB. Dit gaan eerder om die kwaliteit en graad van ons deelname. My eerlike vraag is of Stellenbosch nie bang geword het om sy saak sterk te stel nie.

### AGTERRYERS?

ASB 'n agterryersorganisasie? Hierdie selfde agterryersorganisasie het meer as drie-en-twintig jaar gelede al beurse aan Swart studente geskenk. Nou lê hier tog vir my 'n belangrike naïwe mistasting voor die hand; nl. die sg. regverdiging van 'n Kruispadsituasie. Niemand probeer dit regverdig nie – nie die regering nie, nie die kerk nie.

Hierdie komplekse probleem is nog minder die uitvloeisel van afsonderlike ontwikkeling. Eienaardig dat die hele Derde Wêreld met die sosiaal-patalogiese probleem sit. Meksiko-stad sit met 25% van sy totale bevolking in plakkerskampe, terwyl die magtige Amerika (sonder probleme) se New York 'n eie ± 7% probleemkinders in plakkerskampe het. Alles natuurlik as gevolg van afsonderlike ontwikkeling.

As u mense oproep tot entoesiastiese aanvaarding van ons tydsproblematiek, 'n voortstuwende wegbeweeg van 'n pigmentokrasie na 'n merietokrasie, dan is ek dit met u roerend eens. As Stellenbosch touleier wil word, sal hy eers sy eie soeke na identiteit moet oorwin en sy "plek in die son" uitspel.

In die laaste paragraaf verwys u na: 'n binnelandse beleid wat nou reeds die feitlike situasie van wit, bruin en swart as gesamentlike eenheid . . .' Met so 'n vae stelling staan ek verleë met my baken in die hand. Waarheen wil u skuif?

Ons sien uit na die volgende hoofartikel waarin ons hopelik dan ná opheldering, hierdie keer saam kan besluit waar ons bakens kan plant.

*(Dit is nooit gesê of geïnsinueer dat plakkerskampe hul onstaan a.g.v. afsonderlike ontwikkeling het nie. Dit is dus nie die kamp wat teen menslikheid en moraliteit indruis nie, maar wel die regering se* ***beleid*** *daaromtrent. Dit is tog duidelik dat die Kerk of staat nie so iets regverdig nie – daar het ons dit eens. Al wat egter tel, is hul hantering van die saak.*

*Die bevraagtekening van die status quo beteken nie noodwendig dat die vraesteller presies weet waar om die bakens te plant nie – wié kan per slot van sake in die toekoms in sien?*

*Wat wel belangrik is – en dít is die punt wat ons probeer maak – is die* ***besef*** *dat voortdurende aanpassings noodsaaklik is in 'n gedurig veranderende sosiale opset. Ons bepleit dus 'n* ***bereidwillige gesindheid*** *in plaas van onsinnige hardnekkigheid. – Red.)*

DE Volkskombuis AAN DE WAGENWEG

Ou Strandweg, Stellenbosch

TRADISIONELE RESTOURANT

| | |
|---|---|
| Oop elke dag en aand behalwe Dinsdag | Open each day and evening except Tuesday |
| Oorspronklike a la Carte Spyskaart | Original a la Carte Menu |
| Vir die haastige sakeman of toeris: | For the fast-moving businessman or tourist: |

"DE BREDIE POT"

| | |
|---|---|
| 'n Selfbedien keuse van inheemse bredie, kerrie of pastei R2,50 | A Self-service choice of traditional "bredie", curry or pie R2,50 |
| Private funksiekamer beskikbaar | Private function room available |
| Tafelbesprekings Tel. 7-2121 | Table bookings Tel. 7-2121 |

## Reeds 1 vm.



*Wie het nou weer gesê studente het 'n luilekker lewe? Dié foto van Helshoogte is vandeesweek om 01h00 geneem – almal, met die uitsondering van 'n paar, was nog aan die werk.*

# Studentebelangekomitee wil woel

## Voorstelle en klagtes welkom

DIE Studentebelangekomitee onder voorsitterskap van Etienne Rabe, is van plan om met heelwat herorganisering van groter diens vir die Studentegemeenskap te wees. Die SB-komitee is 'n sub-komitee van die SR wat moet omsien na die daaglikse belange van die studente. In 'n groot mate is die rol van die SR soos die gewone student dit sien, op die Studentebelangekomitee afgeskuif.

Volgens die reglemente van die SR is die doel van die SB-komitee "om 'n liggaam te skep waardeur studente hul belange aktief kan bevorder, en wat op eie inisiatief studentebelange sal ondersoek en bevorder". "Met betrekking tot alle aangeleenthede wat nie onder die prim-komitee val nie, berus dit by die lid vir Studentebelange om die behoeftes van die studente-unie te probeer bepaal soos dit na vore kom en dan daarop te reageer. Ten einde vry te bly om hierdie funksie te vervul, moet so min moontlik vaste pligte aan hierdie portefeulje gekoppel word."

### VOORSTELLE

Dié komitee kan egter slegs tot sy reg kom en tot diens van die studente wees, indien voorstelle of klagtes die SB-komitee bereik. Vir die skep van so 'n kanaal is daar reeds in die vorige termyn 'n KLAGKAS by die posbusse buite die Sentrum aangebring. Ongelukkig word die KLAGKAS byna uitsluitlik gebruik vir LSS-klagtes (klagtes waarvoor daar 'n spesiale NEULSIE by die peuselhoekie aangebring is).

Die SB-komitee sal voortaan probeer om gereeld verslag in *Die Matie* aan die studente-unie te lewer oor sake waaroor besluite geneem is.

In die oriënteringsweek gaan aan die voorsitters van sekere nie-fakulteitsverenigings die geleentheid gegee word om op Woensdag 7 Februarie om 15h15 hul verenigings aan die eerstejaars bekend te stel. Die voorsitters voel dit was 'n groot leemte in die vorige oriënteringsprogramme.

### KULTUURWEEK

**Op 'n SR-vergadering is 'n mosie, wat die inisiëring van 'n Kultuurweek bepleit, eenparig aanvaar. 'n Datum vir so 'n week is vasgestel vir 30 April tot 5 Mei 1979. Dit is iets heeltemal nuuts op Stellenbosch en 'n poging om die breë studentemassa te *betrek* by 'n week van ligte kultuurvermaak en kultuurbedrywighede; 'n poging om die student nie net na die kultuur te laat kyk nie, maar dit self te bedryf. Voorstelle van wat aangebied kan word, asook persone wat vrywillig hulp wil aanbied vir die organiseer daarvan, sal verwelkom word. 'n Gepaste benaming vir die Kultuurweek ontbreek ook nog.**

### PRIVAATLOSIES

PSO-losies, waarna tans 'n groot vraag is, is ondersoek om te kyk in watter mate die SB-komitee as middelman kan optree tussen voornemende huurders en gewillige verhuurders. Die PSO-koshuise is egter self ook besig om die privaatlosiesmoontlikhede in hul wyke te ondersoek en die saak op 'n meer georganiseerde vlak te bring.

In die vorige *Die Matie* is reeds gemeld van die 10% afslag wat studente op sekere artikels by die CNA (Stellenbosch, Bellville, Parow) kan kry deur bemiddeling van die SB-komitee. Deur die studenteregistrasiekaart te toon kan die Baxter-teater teen halfprys besoek word.

**KLAGTES en veral VOORSTELLE en RAAD is baie welkom – gooi dit in die KLAGKAS.**

# 'MOENIE HERAFFILIASIE NEKOMDRAAI NIE!'

**WYNAND NEL, Majuba, skryf:**

DIE bevordering van 'n goeie en oop gesprek is ongetwyfeld 'n belangrike voorwaarde vir oorwoë en gefundeerde besluitneming. Skynbaar word dié standpunt nie deur die redakteur van *Die Matie* gehuldig nie. U skryf in u vorige hoofartikel dat A.S.B.-heraffiliasie "vir ons onaanvaarbaar bly"!

Wil u met hierdie kategoriese stelling die stemme wat tans opgaan vir heraffiliasie so gou moontlik in die kiem smoor en u eie bevooroordeelde mening in ons studente se kele afdruk? Dit is ook opvallend dat u die argumente wat mnre. De Wet, Eloff en Fismer in hulle Deurbraak-artikels gebruik, gerieflikheidshalwe ignoreer en met u sedelessie oor die baie ingewikkelde Kruispad-situasie die gesprek oor ASB-heraffiliasie nekomdraai.

Sê my, mnr. die Redakteur, wat het Stellenbosch so danig bereik sedert disaffiliasie? 'n Touleiersposisie? Geloofwaardigheid? Of dalk 'n studente-unie wat merendeels apaties staan teenoor sosiaal-politieke probleme met hier en daar 'n gefrustreerde "kraai" soos van 'n hoenderhaan wat nie eens meer 'n eie mishoop het nie? Wie luister nou eintlik na Stellenbosch terwyl ons probeer om allemansvriend te wees?

Dit wat Stellenbosch te sê het – en hy het belangrike dinge om te sê, ook oor Kruispad – sal steeds onhoorbaar bly as hy nie 'n platform het waarop hy dit kan sê nie.

En as u ons oproep dat om "die bakens sou (moet) versit", gee tog asseblief leiding waarheen u dink dit versit moet word. 'n Mens ruk darem nie net bekende bakens t.w.v. die sensasie van "uitruk" uit om dit dan enige ander plek te gaan inslaan nie. Of bedoel u dalk met u opmerking "'n binnelandse beleid wat *nou reeds* die feitelike situasie van wit, bruin en swart as gesamentlike eenheid op 'n nie-diskriminerende vlak – erken en sodanig organiseer", dat die bakens só versit moet word dat ons 'n eenheidstaat met uiteindelik swart meerderheidsregering word?

*(In u eie belang is u brief verkort, aangesien dit gedeeltelik 'n persoonlike aanval is waarby die lesers van dié koerant niks belang het nie.*


*"Goeie en oop gesprek" bestaan wel op hierdie kampus.* ***Die Matie*** *het 'n trotse tradisie van oop en opponerende gesprek. US-Gesprek, SAAK e.a. bied gulde geleenthede en let wel beide kante van die saak word belig. Dis immers hier waar 'n Buthelezi net so 'n kans gegun word as 'n Lammie Snyman. Sou die ASB dit ooit oorweeg om 'n Swapo-spreker sý kant van die saak te laat stel? Daar kan seer sekerlik nog meer op Stellenbosch gedoen word, maar binne die bestaande raamwerk.*

*Oor die Maties se tanende belangstelling in besprekings en Simposiums oor aktuele sake, is ons net so verontrus soos u. Die deelname van die gemiddelde student sal egter nie groter word as ons ons terug bevind by die ASB nie.*

*U sien skynbaar die "sensasionele uitruk van bakens", (ú gevleuelde woorde) as 'n gevaarlike stap in die rigting van Swart meerderheidsregering. Terloops, wat in die betrokke artikel gesê is, kom in werklikheid uit artikels wat in die Afrikaanse pers van die afgelope maande voorgekom het!*

*Moet asseblief tog nie probeer voorgee dat* ***Die Matie*** *dink swart meerderheidsregering is die enigste alternatief nie.*

*Dit sou 'n gekheid wees. – Red.)*

**SPIER RESTAURANT**

OOP DINSDAG TOT SATERDAG VIR MIDDAG EN AANDETE : A LA CARTE.

SONDAG SLEGS VIR MIDDAGETE : VASTE SPYSKAART.

**ONS BIED 'N VERSKEIDENHEID VAN DISSE AAN OM BY ALMAL SE SMAAK SOWEL AS SAK TE PAS.**

**MEER AS 80 WYNE OM VAN TE KIES.**

**GELEË TUSSEN VLOTTENBURG EN LYNDEDOCH STASIES TEL. 02234-242**


# Two mountaineers say thank you


**MRS J. BURTON-MOORE, 7 Elstree Road, Bergvliet, writes:**

DURING the recent school holidays my husband and I were on a hiking trip in the Cedarberg Mountains. Saturday, 30th September, turned out to be a day during which the weather conditions were quite appalling with rain, high winds and extreme cold. After walking in these conditions all day we arrived at the Crystal Pool Hut only to find the accommodation already overcrowded, mainly with students from your University. We were suffering from exposure, our rucksacks and sleeping bags were soaking wet and our spirits at a very low ebb.

Your students rallied round to take care of us. They made room for us in the hut and gave up the only bed so that we might sleep in comparative comfort. They gave us hot coffee. One of the girls insisted on my husband using her sleeping bag as his was too wet and he had reached the stage where he could not get warm. One of the boys gave me a blanket and during the night this same boy (I think he said his name was Philip van Rooyen), still concerned about our comfort, got out of his sleeping bag and made me use it. They were all so friendly, helpful and anxious to do all they could for us.

It is very gratifying when someone says to you that the youth of today are selfish, thoughtless and rude, to be able to say with conviction, "No, my friend, you are quite wrong."

Thank you, to your wonderful students.



*Die voorsitter van die ACSV, Frans Marais (links) en die voormalige voorsitter, Wilhelm van Deventer by die Saambou Nasionale wisseltrofee wat die ACSV verower het as die mees dinamiese vereniging op Stellenbosch. Die Vereniging vir Handel en Ekonomie was tweede en Fokus derde.*

## SR word onthaal



*Standard Bank het onlangs die Studenteraad onthaal. Op die foto verskyn v.l.n.r. mnre. Christo de Wit (Studentesakebestuurder), B.J. Willemse (Takbestuurder), Jan de Wet (SR-voorsitter) en C. van Niekerk (Personeelbestuurder).*

# Close check needed on SRC expenditure

**FRITZ MEISSNER, Helshoogte, writes:**

IN *Die Matie* of 20th October, under the heading *Gematigdes kan oorneem in NUSAS*, is an account of the recent SRC election at *UND*. I would like to refer specifically to the statement that allegations of misuse of funds laid against the old SRC by Chris Swart were "misleidend en verkeerd". While this is factually correct, I feel that it could easily be understood to mean that Mr Swart deliberately furnished incorrect figures in an attempt to mislead. In actual fact he acted in good faith in drawing attention to discrepancies between figures which he obtained from the university administration and those in the SRC books, although these have since been explained as the result of misunderstanding between administration and SRC rather than of mismanagement.

It is interesting to note that for his pains Mr Swart has been made treasurer of the new SRC and has the task of sorting out the muddle which he was the first to spot. The magnitude of this problem may be judged from a letter written to *Campus* newspaper (4 October) by him in his capacity as SRC treasurer, where he writes, "We (the SRC) will be in debt to Admin to the tune of . . . R12 000. The over expenditure was the result of misunderstanding, not SRC mismanagement . . . such a large debt . . .means that a very close check will have to be kept on SRC expenditure."

### MISAPPREHENSION

I trust that this letter will serve to correct any misapprehension which might have been left by the report.

# OUD MATIES KOM KUIER BINNEKORT OP KAMPUS

"MET die hoër onderwys voortdurend in die nuus wil dit voorkom of die belangstelling van oud-studente in hulle *alma mater* des te groter is." Só sê mnr. Andries Esterhuyse, adjunk-direkteur van ontwikkeling aan die Universiteit van Stellenbosch, wat besig is met reëlings vir 'n saamtrek van Oud-Maties uit die jare 1931 – 1940.

Hy sê uit skrywes wat van talle oud-studente ontvang is, is dit duidelik dat hulle graag eerstehandse kennis wil opdoen oor wat op die kampus van hulle alma mater aangaan. "Hulle voel klaarblyklik die behoefte aan om self te kom kyk en gesels," sê mnr. Esterhuyse.

### SAAMTREK SOOS MIN

Die beoogde saamtrek is op 30 November en die adjunk-direkteur sê hy is baie tevrede met die reaksie wat hy tot dusver van Oud-Maties ontvang het. "Hulle is beslis aan't opruk. Daar is mense so ver soos Windhoek, Otjiwarongo en Okahandja in Suidwes wat laat weet het hulle kom. Ek het ook positiewe reaksie ontvang uit plekke soos Bloemfontein, Pretoria, Worcester, Kaapstad en die Strand – alles dui daarop dat ons 'n saamtrek soos min gaan hê."

**'n Program wat veral baie interessant behoort te wees vir studente wat dekades gelede laas op die Akker was, is deur mnr. Esterhuyse gereël. Dit sluit onder meer uitstappies in na die Kweekskool, die nuwe konservatorium, die Danie Craven-stadion, die departement liggaamlike opvoedkunde en die sportsentrum.**

### OU KENNISSE HERNIEU

Die jaarlikse vergadering van die Konvokasie vind dieselfde dag plaas. "Ons kan dus verwag dat baie ou kennisse weer hernieu gaan word," het mnr. Esterhuyse gesê.

Mense wat voornemens is om nog die saamtrek by te woon, word versoek om so spoedig doenlik met mnr. Esterhuyse in verbinding te tree deur Stellenbosch 70062 te skakel of om aan hom te skryf:
p/a Departement Ontwikkeling
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH 7600


**Studeer maklik**

Eksamensukses is maklik met sistematiese studietye. Kort, helder „inneemtye" is die geheim–nie ure van moeisame sloofwerk nie. Begin vroeg in die aand studeer en moet nooit met wilskrag teen lomerigheid veg nie. Dit lei net tot ooreising. As u vaak word, neem 'Lert-wakkerblytablette. 'Lert hou die verstand skerp, helder, ontvanklik en wakker. 'Lert is beter as koffie, en word gebruik deur studente, nagwerkers soos verpleegsters of mynwerkers, en deur motoriste.

Elke tablet bevat Caff. Cit. 90 mg.
Caff. Alk. 90 mg.




Liberty
VERSEKER U lewe
BESKERM U TOEKOMS

**Wanneer u u studies finansier, is die regte polis u versekering.**

Laat Liberty-lewensgenootskap u help. Ons nuwe polis is spesifiek vir u, die student, ontwerp en dit kan u help om u studies te betaal.

U kan die studentepolis gebruik as sekuriteit vir 'n lening by 'n bank of ander finansiële instansie. Deur premies van minder as R40 te betaal, kan u tot R5 000 leen. Ons polis sal natuurlik nie waarborg dat u 'n lening kry nie - dit hang van u eie kredietwaardigheid af — maar dit verskaf wel die sekuriteit wat 'n voorwaarde vir enige lening is en waarvoor u sekerlik gevra sal word.

En met 'n studentepolis het u nie net die steun van 'n lening nie, maar 'n waarborg dat Liberty lateraan twee verdere aansoeke om lewensdekking sal aanvaar, wanneer u 'n graad behaal, trou, of 'n kind ryker word, ongeag u gesondheidstoestand op daardie tydstip.

Al wat nodig is, is, dat u jonger as 25 en 'n bona fide-student aan 'n inrigting vir hoër onderwys moet wees. Universiteit, opleidingskollege, voltydse studie en deeltydse korrispondensiekursusse - almal kom in aanmerking.

Praat dus met 'n versekeringskonsultant. Belê in die studentepolis, en verseker u studies en u loopbaan.

Liberty *verseker u lewe, beskerm u toekoms.*

LIBERTY LIFE ASSOCIATION -LEWENSGENOOTSKAP

# 1978 - 'N JAAR VOL OPWINDING



*'n Plek wat nou eenmaal by almal ontsag afdwing, is die leehokke. Juis dié tyd van die jaar speel daar, menige persoonlike dramatjies (party baie tragies) af. Hoekom die kennisgewingborde verskuif is tot die onpersoonlik sypaadjie langs die Sentrum, weet nugter alleen.*

DIT was 'n goeie jaar – daaroor sal niemand kan stry nie. 1978 was immers gekenmerk deur baie opwinding, drama, teleurstellings en gebeure om oor huis toe te skryf.

'n Mens kan maar net 'n paar dinge noem wat nog lank in die geheue sal bly voortleef.

- 'n Opera-agtige karnaval wat een groot plesier van begin tot end was – met 'n rekordbedrag van meer as R109 000 ingesamel.
- 'n Bom wat bars na kritiek van *Die Matie* op die SR oor hul bra futlose apatie. 'n Polemiek volg hierna tussen *Die Matie* en die SR-voorsitter wat lei tot 'n skeur in die SR.
- Op 12 April bedank die mees dinamiese SR-lid, Ilse Treurnicht en kort daarna volg nog drie lede haar voetspore.
- 'n Opspraakwekkende monstervergadering volg.
- Ons wen die "Intervarsity" teen Ikeys – hoewel nie baie skouspelagtig nie!
- 'n Verwoede eksamen is tans besig om onder ons te maai.



*Die groot keuse waarvoor elke student een of ander tyd te staan kom. Wat is die dringendste – die akademie of die lokkende see by Gordonsbaai? Die sonnigste, windlose dae kom mos altyd in die eksamen . . .*

## BRANDERRYKAMPIOENE

DIE Branderryklub se klubkampioenskappe is op Saterdag 21 Oktober by Koeëlbaai gehou. Die gehalte van die branders was nie baie goed nie, maar weens die eksamen was die klub verplig om die kompetisie af te handel. (Die kampioenskap is reeds twee maal uitgestel). Die deelnemers het gesukkel om goeie punte te behaal.

Archie Swanson het egter met 'n baie goeie vertoning die 1978 Klubkampioen geword. Koos Pretorius was tweede met Dilly Malherbe in die derde plek. Hennie Rall het vir 'n verrassing gesorg deur vierde in die kompetisie te kom.

Dié kompetisie was die laaste een van die jaar en die bestuur van die Klub wil al die lede bedank vir hulle belangstelling en wens almal sterkte met die eksamen toe.

D. MALHERBE


Kom bly oor by

AFRIKANEROORD STRAND

DIE GASTEHUIS
*Afrikaneroord*

KUSWEG, STRAND.

By ons kry u die beste behandeling teen die billikste tarief. Ons kamers met badkamers is van die mooiste in die Strand.

Skakel 024 – 32819 vir besprekings.

**1979 LOSIES BESKIKBAAR**


RONDAWELS 10 KM VANAF STELLENBOSCH

**R30 per maand**
**R300 per jaar**
Feb. – Nov.

Gratis gebruik van **Swembad en Tennisbaan**

Tel. 02234 – 207

**US MUURWAPEN**
25 cm x 18 cm
Prys R6,95 (sonder belasting)




**WILHELMS**

**ON-THE-SPOT**
DROOGSKOONMAKERS
H/v Andringa- en Kerkstraat
**20%** AFSLAG VIR **US** SE MENSE
Probeer ons Selfdien Muntstuk Wassery

The Colonel's Summertime Special
**FREE SOFT-SERVE snogurt**
with every Colonel Burger.

Try Snogurt today — Yoghurt never tasted this good before! Offer valid Stellenbosch only. November 4th to 18th 1978.
Juicy Lucy now at the Kentucky Fried Chicken store in Stellenbosch. Serving freshly squeezed 100% pure fruit juices. Juicy Lucy and The Colonel have got together to give you the finest fast food service in town 100% pure fruit juices plus finger lickin' good Kentucky Fried Chicken, Colonel Burgers, chips, salads and desserts.

SO MUCH GOODNESS TO ENJOY
**Kentucky Fried Chicken**®
Trust Bank Centre, Stellenbosch. Tel. 6174.

Campbell-Ewald 1533 /1